

Man:

- Aan die begin het ek jou GEKIES en geneem as my vrou
- Ek bevestig vandag dat ek steeds glo en bely dat jy deur die Here aan my gegee is
- Ek wil vir jou BAIE dankie sê vir die jare wat ons reeds getroud is – jy was en is 'n ster, wat onmisbaar in my lewe geword het!
- By hernuwing vandag, kies en neem ek jou weer as my vrou en lewensmaat, want jy is die beste!
- Ek vra jou nederig om verskoning waar ek jou baie keer in die steek gelaat en baie seer gemaak het – weet net dit was nooit my doelbewuste intensie
- Ek belowe egter opnuut dat ek jou baie liefhet, jou altyd sal beskerm, jou altyd sal versorg, jou altyd sal koester en primêr op jou behoeftes sal fokus
- Ek kies opnuut om jou belange en begeertes, BO myne te plaas
- Verder onderneem ek opnuut om jou nooit te verlaat of by enige ander vrou ooit toenadering te soek nie – jy is die ENIGSTE fokus van my liefde
- My onderneming is ook dat ek as hoof van ons huis, ons as gesin, DOELBEWUS na die beste van my vermoëns sal lei en bestuur
- Ek kies en verklaar vandag, dat ek saam met jou wil oud word en die mooiste en die beste van die lewe saam met jou wil geniet
- Ek het jou BAIE lief en sal hierdie verbond gestand bly nakom – tot die dood ons skei!

Vrou:

- Aan die begin het ek JA gesê om jou vrou te wees
- Ek bevestig vandag dat ek steeds glo en bely ek deur die Here aan jou gegee is
- Ek wil ook vir jou BAIE dankie sê vir al jou liefde en omgee – ek is trots op jou en waardeer jou oneindig baie!
- By hernuwing vandag, aanvaar en neem ek jou weer as my man en lewensmaat
- Ek vra jou nederig om verskoning waar ek jou baie keer in die steek gelaat en baie seer gemaak het – weet net dit was nooit my doelbewuste intensie nie
- Ek belowe egter opnuut dat ek jou opreg sal respekteer, jou altyd sal help, jou altyd sal bystaan, jou altyd sal aanmoedig en primêr op jou behoeftes sal fokus
- Ek kies opnuut om jou belange en begeertes, BO myne te plaas
- Verder onderneem ek opnuut om jou nooit te verlaat of by enige ander man ooit toenadering te soek nie – jy is die ENIGSTE fokus van my liefde
- My onderneming is ook dat ek as jou hulpmaat, DOELBEWUS, na die beste van my vermoëns sal dien en aan jou sal onderwerp
- Ek kies en verklaar vandag, dat ek saam met jou wil oud word en die mooiste en die beste van die lewe saam met jou wil geniet
- Ek waardeer jou en gee myself opnuut aan jou in hierdie verbond – tot die dood ons skei!